EGIPTE UITREIK

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Carl Crouse	Carl Crouse
POSADRES	Burtrylaan 67, Cotswold 6045	
E-POS	johncp@discoverymail.co.za	
FAKSNOMMER	0413655780	
TEL. WERK		
TEL. HUIS	0413655258	
SEL.	0834637462	

	09 Sep 2009

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) (DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Aansoek word gedoen vir 'n totaal van R30 000 as subsidie aan leraars van die Ring om deel te wees van 'n uitreik na Egipte in 2010.

Hierdie is 'n soortgelyke projek as wat in 2007 onderneem is. Ek verwys daarom as agtergrond na die breedvoerige voorstel (Ringstukke: 2006) en verslag (Ringstukke: 2008) daaroor, ek sal nie daardie inligting hier herhaal nie. Dit is belangrik om bewus te wees van die persoonlike verryking asook die versterking van gemeentes se visie wat deur hierdie projek plaasgevind het.

Hierdie besoek aan Egipte was besonder geseënd en vrugbaar gewees. Een van die wonderlike dinge wat gebeur het is die besondere verhoudings wat gesmee is. Hierdie verhoudings is deur die jare versterk deur Emad se besoek aan ons, die besoek van di Jan Kampman en Heinrich Alberts daar en 'n uitreik deur PE-Hoogland wat in September 2009 beplan word.

Dit is 'n besondere voorreg om hande te kan vat met die kerke en geestelike leiers in Egipte en om saam te werk aan die uitdra van die Evangelie asook die versterking van gemeente in die Noord Afrika, Midde-Ooste (NAMO) gebied.

Deur ons groeiende verhouding met die werkers daar is dit moontlik om blootstelling te kry aan leiers, gemeentes en organisasies wat nie andersins moontlik sou wees nie, asook die geleentheid om hulle te bemoedig en te versterk. Hierdie dinge maak dit oor en oor die moeite werd om so 'n besoek mee te maak.

Die subsidie wat deur die projek ontvang word help baie, maar elke toerlid sal self moet bydra en ondersteuning werf vir die onkostes. Die toer behoort nie meer as R15 000 in totaal te kos nie. Die projek aansoek is sodat daar R6 000 per lid as subsidie gegee kan word.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Beide die Ring asook Ringsgemeentes het deel geword van die uitbreiding van die Koninkryk van God in die NAMO gebied. Hierdie gebied is vir generasies misgekyk deur die kerk in die Weste, met baie min evangelisasiewerk wat hier gedoen is. Ons het deel geword van wat God in die gebied doen, en beteken vir gemeentes ontsaglik baie om bewus te wees van die rol wat hulle speel deur hande te vat met die kerk in die Arabiese wêreld. Die projek sal beoog om juis hierdie eerste stappe van die Ring en gemeentes te versterk.

Die persoonlike getuienisse in die verslag oor die 2007 besoek wys watter waarde dit het vir elkeen wat gaan.

Hande word gevat met leiers, gemeentes en organisasies in die NAMO gebied. Egipte speel 'n sleutel rol hier, maar ons beleef dat die impak baie wyer strek as net die een land. Hulle word bygestaan en versterk om te volhard onder vervolging en om getrou te wees in die uitdra van die Woord.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
1. Identifisering van deelnemers	Tot einde Feb 2010
2. Vasmaak van datums	Voor einde 2009
3. Voorbereiding van deelnemers (paspoorte, kruis-kulturele opleiding, motivering tot fiksheid, saam bid, werwing van gebeds- en finansiële ondersteuning)	Vanaf Nov 2009
4. Vasmaak van program, verblyf, reisreëlings. Sal soortgelyke program as in 2007 wees	Maart 2010
5. Bespreek en betaling van vliegkaartjies	Maart 2010

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Carl Crouse	Algoa Ring
Dr Phillip Scheepers	Veritas College, Perth
Emad Sami	Veritas College, Kaïro

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Geen	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Geen	

6.4 ANDER:

Geen

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
ANDER (SPESIFISEER ASSEBLIEF):	
Subsidie van toergeld	R30 000

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
? Maand voor toer (Mei?)	R30 000

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Ring van Algoa:
FNB Newtonpark
Tak kode: 261050
Rek no: 62228305266
Rek naam: Ring van Algoa

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

My belewenis met die laaste toe was dat dit nooit moontlik sou wees sonder die subsidie dmv die Ringsprojek nie. Vir die groot meerderheid leraars is dit onmoontlik om so 'n toer te bekostig.

Die subsidie saam met gemeentes se ondersteuning (deur fondse of fondsinsamelings geleenthede) het dit moontlik gemaak om te gaan. Ons vertrou dat ons vir ander leraars van die Ring die geleentheid sal skep om die toer mee te maak.